# 17 Julie 2023 - Lesing 75 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Dink aan die betekenis van die Verlossingswerk – 30/6/58

**NO: 7156** Julle mense dink te selde aan My kruisdood.

En tog was dit beslissend vir die hele geestelike wêreld, vir al die onverlostes op aarde, sowel as in die geestelike ryk.

Sonder hoop het die siele tevore by hul heengaan van die aarde die ryk hierna binnegegaan, want hulle het 'n las saamgeneem wat hulle die binnegaan tot die sfere van lig belet het. En slegs die mense wat met kinderlike vroomheid geglo het aan die koms van die Messias en daardie geloof met hulle saamgeneem het, het in die ryk hierna vol vurige verlange gewag op die Goddelike Verlosser wat hulle definitief bevryding sou bring uit die kettings van die teenstander. Maar hy het nog solank mag oor die siele gehad, want sy mag was nog nie gebreek nie. Eers deur My verlossingswerk, deur My lyding en sterwe aan die kruis, het daar 'n nuwe tyd aangebreek.

En geen siel hoef nou sonder hoop deur die lewe op aarde te gaan nie. Elke siel wat in geloof in My en My werk van erbarming Myself aanroep om hulp teen haar heer tot nou toe, kan haarself al op aarde verseker van toegang tot die ligryk.

Maar om hierdie oproep bewustelik na JaHshua Messias omhoog te stuur, moet die mens homself ook in gedagtes besighou met die verlossingswerk. Hy moet aan My lyding en sterwe dink. Hy moet meer dikwels sy gedagtes op die kruis rig. Hy moet probeer om vir homself die onmeetlike leed voor te stel wat die mens JaHshua vir Sy medemens uit liefde vir hulle verduur het. Hy moet homself in JaHshua innig verbind met Myself en homself steeds voor oë hou wat Ek ter wille van sy sondes gely het.

Hy mag nie in onwetendheid oor die werk van barmhartigheid van JaHshua Messias deur die lewe op aarde gaan of in onverskilligheid slegs deur woorde 'n dooie geloof in Hom uiter nie. Hy moet homself ernstig besighou met Sy kruisoffer. Eers dan sal dit ook nie sy uitwerking mis nie en die mens daartoe aanspoor om aan sy eie skuld te dink en dit na die kruis te dra.

Julle mense sou almal baie hulp kan ondervind as julle My Self in JaHshua Messias sou aanroep om barmhartigheid, om bystand teen die vyand van julle siele. Maar Ek moet daardie oproep van julle eis.

Ek kan julle nie hierdie bystand verleen sonder julle versoek nie. En julle laat dit meestal agterweë om die hulp van die Goddelike Verlosser te vra. As julle tog maar net daaraan wil dink dat een mens homself vir julle opgeoffer het om julle uit die ewige onvryheid te help.

Solank julle nog op aarde is, bevind julle julleself egter nog in hierdie onvryheid wat ook solank julle lot sal wees, totdat julle sal dink aan die mens JaHshua in wie Ek Self in alle volheid was en totdat julle My dus Self in JaHshua Messias sal aanroep, sodat Ek julle kan help om vry te word. Sonder hulp is julle nie daartoe in staat nie.

Die hulp sal julle ook gegee word, maar nie sonder dat julle self te kenne gee dat julle die weg neem na JaHshua Messias nie, dat julle dink aan Sy kruisdood en self ook **aan diegene wil behoort** vir wie JaHshua Sy bloed gestort het. Maar wanneer bly julle in gedagtes stilstaan by Hom, die goddelike Verlosser?

My verlossingswerk is vir julle geen belangrike gebeurtenis nie. Veel meer is dit vir julle 'n probleem waaraan julle nie graag wil dink om dit op te los nie. Dit is vir julle 'n twyfelgeval of 'n legende, waaraan julle geen dieper waarde heg nie. En tog is dit die vernaamste en slegs die mens wat dieper sal ingaan op hierdie grootse werk van barmhartigheid wat ooit deur 'n mens op aarde volbring is, sal sy lewe nie tevergeefs leef nie. En hy sal die doel bereik, want vir hom is ook die verlossing verseker van sonde en dood, van onvryheid en duisternis.

**Julle sal julle ten volle bewustelik aan die Goddelike Verlosser JaHshua Messias moet oorgee**. Julle moet Hom vra om Homself oor julle te ontferm. Julle sal aan Hom julle swakheid en sondigheid moet beken en Hom vra om julle daarvan vry te maak.

Julle moet Hom inskakel in julle lewens. Julle sal nie sonder Hom mag gaan nie, want eers wanneer julle daagliks en elke oomblik aan die oorgrote liefde dink wat My daartoe gebring het om My intrek te neem in die mens JaHshua om julle te bevry van julle groot skuld, sal julle ook die verlossingswerk in sy totale omvang verstaan en om vergifnis van hierdie skuld vra.

En dit sal vir julle gedoen word.

Maar die mense op aarde weet nie meer waarom hulle die weg oor die aarde moet gaan nie. En word dit aan hulle oorgebring, dan hou hulle ongeloof hulle daarvan terug om dit aan te neem. **Hulle weet en glo nie dat die verlossingswerk van JaHshua Messias erken moet word deur elke mens wat eendag die onvryheid en kragteloosheid wil verruil vir vryheid, lig en krag nie.**

Hulle weet en glo egter ook nie dat daardie uur ooit sal aanbreek waarin hulle hul duistere, kragtelose toestand sal insien nie. Want hulle glo nie aan 'n voortlewe na die dood en aan 'n verantwoording teenoor My vir die gebruik van hul aardse bestaan nie.

En tog word daar van My kant af steeds weer vir julle mense duidelike kennis geskenk oor die betekenis en die belang van My menswording in JaHshua, oor die verlossingswerk en die erkenning daarvan. Want daardie kennis sal nooit verlore gaan nie. Dit sal ook steeds weer aan die mense verstaanbaar onderrig word, omdat onder invloed van My teenstander die

onkunde en die onbegrip daarvoor steeds sigbaarder word en dit vir die mense moeilik sou wees om te glo wanneer die leerstellings daaroor misvormd is, dus nie meer ooreenstem met die waarheid nie.

Maar Ek wil hê dat julle mense dit moet insien dat julle **uit eie wil die weg moet kies na My in JaHshua Messias.** En daarom sal Ek steeds daarvoor sorg dra dat julle opheldering gegee word **oor die belangrikste van alle geloofsleringe, oor die missie van JaHshua en die belang van dit wat Hy volbring het.**

Want Ek verlang nie van julle dat julle aanneem wat vir julle twyfelagtig voorkom nie, maar Ek gee julle opheldering, sodat julle dit vrywillig sal aanneem en dan ook die weg na die kruis sal gaan, wat alleen vir julle verlossing kan bring, wat julle van die skuld van die oersonde sal vrymaak en wat julle die binnegaan in die ryk van lig sal verseker, die enigste weg wat teruglei na My, van Wie julle eens weggegaan het. Amein.